OKKE JAGER. *De humor van de Bijbel in het dagelijkse leven.* Uitg. J. H. Kok, Kampen.

Die skrywer bied ons hiermee 'n boek aan wat seker nie in alle opsigte aan die verwagtings wat die titel opwek sal beantwoord nie. Maar die boek is ten volle die moeite werd om te lees. Dis 'n boek vol sprankelende humor en fyne ironie. Die skywer het die humor in die Bybel ontdek en hy maak daaroor verrassende en ook dikwels briljante opmerkings. Miskien soek die skrywer teveel na humor— op elke bladsy van die Bybel, miskien is die opset van sy boek enigsins onsistematies en is hy in sy opmerkings hier en daar vérgesog! Maar ondanks besware bly hierdie werk 'n heerlik verfrissende boek. En ek glo nie dat dit die bedoeling was om 'n gedeë wetenskaplike handboek te skryf nie.

Ds. Okke Jager laat ons weer heerliker bevrydend lag oor onsself. Dit lyk dikwels of ons christene nie meer van hierdie humor weet

nie. Ons neem onsself te ernstig. Daarom is hierdie boek so welkom! Neem dit gerus in hande, u sal 'n kostelike aand daarmee deurbring. U sal ook leer dat 'n egte christen nooit 'n humorlose mens kan wees nie. Want— „de echte humor bloeit alleen op in de grond waar Gods Woord wortel heeft geschoten."

F. VAN OOSTEN.